Pace kry internasionale verloofring aan vinger

Die Pace Property Group het sy vlerke internasionaal gesprei en onlangs bande gesmee met Cushman & Wakefield, die grootste eiendomsdienstemaatskappy in private besit ter wêreld.

Ingevolge die verbintenis is die maatskappy in Maart aangestel as vennoot van Cushman & Wakefield se Europese, Midde-Oosterse en Afrika-bedrywighede.

Mnr. David Green, besturende direkteur van Pace, sê die verbintenis sal die maatskappy nie net toegang bied tot die internasionale mark deur 'n netwerk van 190 kantore nie, maar ook 'n platform skep vir internasionale eiendomsokkupeerders, ontwikkelaars en beleggers om toegang tot die Suid-Afrikaanse eiendomsmark te verkry deur die internasionale mandate wat Cushman & Wakefield hou.

Hy sê Pace is nou in staat om na die belange van die kliëntebasis om te sien in Suid-Afrika en die meeste ander lande op die Afrika-vasteland.

Me. Linda Matthews, afdelingsdirekteur van Pace International Property Consultancy en die dryfkrag agter die Cushman & Wakefield-verbintenis, sê internasionale huurders wat toegang verlang tot Afrika se eiendomsmarkte verwag dieselfde diensvlakke van plaaslike eiendomsmaatskappye as wat elders in die wêreld gebied word.

Green sê stewige groei in die Suid-Afrikaanse ekonomie die afgelope dekade het tot gevolg gehad dat Suid-Afrikaanse spelers in die eiendomsektor uibreiding in internasionale markte, insluitend Afrika, begin oorweeg het. Hy voorsien dat Pace beleggings deur Suid-Afrikaanse eiendomsbeleggers in die Europese mark sal fasiliteer van sowat E100 miljoen binne die volgende 18 maande. Hy noem dat Afrika die grootste deel van onder-gewaardeerde eiendom in die internasionale arena hou en dat dit die markte vierkantig in die kollig van internasionale spelers plaas. Dit hou veral die moontlikheid in vir nuwe ontwikkelings, sê hy.

Mnr. David Green, besturende direkteur van die Pace Property Group wat nou internasionaal bedrywig is.

Pace, wat al 30 jaar bedrywig is in die Suid-Afrikaanse eiendomsmark, het aanvanklik as makelaar in nywerheid-, kleinhandel en kantoorgeboue in Gauteng gespesialiseer. Later het hy sy horisonne verbreed en uitgebrei na die bestuur van eiendom en geriewe, veilings en die verkoop van residensiële en ontspanningseiendomme. Die maatskappy het kantore in Johannesburg, Pretoria, Durban, Kaapstad en Richardsbaai.

Cushman & Wakefield het meer as 11 500 werknemers in 190 kantore in sowat 50 lande.